

SOMMER BAIE ONSE

in 'n naam se pond

HULLE SÊ DIE WAARHEID IS DIKWELS VREEMDER AS FIKSIE, EN DIT IS OOK DIE GEVAL IN DIE INTERESSANTE LEWE VAN SOMMIGE VROUESKRYWERS ...



HENRIETTE GROVÉ



ELEANOR BAKER

Die resepte vir “Tant Nelie se veerpluime” is sekerlik een van die besbewaarde geheime in die Afrikaanse verhaalskat. Tussen Kittie en Ursula en Peet Brink lê dié veerligte fyngebak. En dis ’n geheim wat móét uit, dit kan nie anders nie. Ook Henriette Grové, skrywer van hierdie immergroen verhaal, het haar geheimpie gehad: Soos nog minstens 437 Afrikaanse skrywers het sy onder ’n skuilnaam geskryf.

Soek ’n mens na fyner leesstof is Grové se boeke ’n uitstekende keuse, maar moenie neusoptrekkerig wees wanneer jy ’n verhaal deur Linda Joubert raakloop nie. Dáár vind jy die keurigheid en diepte wat ’n kenmerk van Grové se werk is, maar daarby ook ’n oulike storie. *Meulenhof se mense*, *Die laat lente* en *Roosmaryn en wynruit* is reeds in die 1960’s uitgegee, maar later herdruk en

hulle bly ’n welkome herontdekking.

Dieselfde geld die gewilde Eleanor Baker. Sy het tussen 1972 en 2002 (toe sy dood is) nie minder nie as 15 romans uitgegee en byna elkeen het die aandag van resensente en lesers getrek. Veral die roman *Weerkaatsings* van 1984 het die fynproewers laat regopsit. Selfs die streng en literêr- vitterige André P. Brink het Baker se werk aangeprys. Hy het boonop verklaar dit verdien nie net meer aandag van lesers nie, maar ernstiger verkenning.

Watter vreugde is dit dan nie wanneer leesvrate ook háár geheim uitvind nie: Ure se leesgenot lê opgesluit in 29 titels onder die naam Christine le Roux, met ’n bonus van vyf speurverhale geskryf deur Alex Muller. Baker se humorsin en deurleefde menskennis is genoeg rede om bly te wees dat dié geheim op die lappe gekom het.

Die omgekeerde is ook waar. Mansskrywers kies soms ’n

vrouenaam soos Tania Brink, Elske te Water, Lize Roux en Christine Retief ...

ONTMASKERING

Lisa de Waal was 'n rubriekskrywer wat so 'n dekade gelede waarskynlik daartoe bygedra het dat *rooi rose* se verkoopsyfer hoër was. Lesers het met afwagting uitgesien na die jongste episode in haar lewe: 'n Jong vrou versigtig op soek na 'n nuwe deksel wat pas.

In 'n studie wat later oor die verkope van tydskrifte gedoen is, het Joan Kruger, redakteur, daarop gewys juis vanweë die talle veranderinge wat Suid-Afrika in daardie tyd ondervind het, wou hulle verseker die tydskrif bly 'n baken vir Afrikaanssprekendes. Sy het bygevoeg: "Bekende en gewilde skrywers soos Johan Symington, Stella Hugo-De Jager en Lisa de Waal sou steeds gebruik word om die herkenbare aanslag van die tydskrif te behou."

Die verrassing was dus groot toe Lisa se identiteit bekend gemaak word en die aktrise, kunstenaar en joernalis Susan Coetzer tree uit die skaduwee. Die rubriek is in boekvorm verwerk en mettertyd deur verskeie titels gevolg.

"DIKWELS WORD DIE VERBORGE ERVARINGS VAN SKRYWERS IN BOEKVORM IN DIE OOPTTE GEBRING."

Die legendariese Anna Neethling-Pohl sou deur niemand van geheimhouding verdink kon word nie. Sy was uitgesproke en het standpunt ingeneem, maar daar is tog 'n flentertjie persoonlike geskiedenis waarvan min mense weet. Afgesien daarvan dat sy ook onder die name A.P. Niehaus, Wynand de Klerk en Anna Heymans tot die Afrikaanse letterkunde bygedra het, was daar in 1948 'n romantiese tussenspel. Daarvoor skryf sy in haar outobiografie, *Dankbaar die uwe*.

Terwyl sy met 'n opvoering van Hamlet in Johannesburg besig was, ontmoet sy 'n Portugese ingenieur, 'n innemende man wat vyf tale vlot kon praat.

Sy broer was 'n kabinetsminister en sy pa president van Portugal se reserwebank. Maar, vertel sy, "ek het nie gewete dat hy 'n ongelukkige, onverantwoordelike kreatuur was nie". Omdat sy juis in daardie tyd na België moes reis "om te gaan verse sê", trou sy en die Portugees voor haar vertrek. Hy sou later by haar aansluit.

Die res van hierdie verleentheid onthou sy as volg: "Maar ek hoor toe van my broer, Jan, en swaer, Willie Huijzers, dat die man in die gevangenis sit weens bedrog.

"Hulle het hom gaan spreek en onderneem om hom uit

die moeilikheid te kry as hy 'n dokument onderteken dat hy van my skei. Dis gedoen en die polisie het hom oor die grens begelei en hom 'n ongewenste besoeker verklaar. In my afwesigheid is ons inderdaad geskei."

Dikwels word die verborge ervarings van skrywers in boekvorm in die oopte gebring. Dit is byvoorbeeld die geval in die romans *Trippel sewe* en *Vet, bekend en die lewe saam met Pa*. Hoewel Annelie Botes in eersgenoemde nie outobiografies verslag doen nie, het sy jare met 'n dobbelverslawing geleef en uit eie, bitter ervaring daaroor geskryf. In *Vet, bekend en die lewe saam met Pa* onthul die hartchirurg dr. Chris Barnard se dogter, Deidré, heelwat minder bekende brokkies van die lewe saam met 'n beroemde pa.

Die soms geheime, of minstens verborge, lewe van skrywers fassineer talle lesers teen wil en dank. Dit lyk of daárvan immer stories te make sal wees. *Sy kom met die sekelmaan* van Hettie Smit sal gewild bly en oor die dood van Ingrid Jonker sal daar altyd 'n sluier getrek wees. ♣

DEUR LEANA LATEGAN

Die artikel word geborg deur die Vriende van NALN (Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum), 'n hulpgroep wat die werksaamhede van die museum ondersteun. Enige navrae om jou by die Vriende van NALN aan te sluit, of om 'n finansiële bydrae te maak, kontak vir Annelien Diedericks by annelien.naln@sacra.fs.gov.za.



HETTIE SMIT



INGRID JONKER